Ps. 89: 6 **Owerheid en Onderdaan S 39 | Aand. 18 Nov. '62**
Ges. 46: 15-17 Matt. 22: 15-22; Rom. 13: 1-7;
" 83: 3, 5 ld. Openb. 13: 1-10 (Vr. 104)

Matt. 22: 21 - Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die Keiser wat die Keiser toekom, en aan God wat God toekom.

Vorige Sond. aand het ek u daarop gewys dat ons H.K. in die antwd op d. vr.: Wat wil God in die vyfde gebod hê? die groot grondbeginsels neerlê nie alleen v.d. verhouding van ouer tot kind, mr. ook van owerheid tot onderdaan - omdat dit hier gaan om die groot waarheid van gehoorsaamhd aan gesag op elke terrein v.d. mensl. lewe. En waar ons toe hfs. die verhouding van ouer en kind behandel het, gee ons vanaand ons aandag a.d. 2e deel: die van owerheid en onderdaan die verhouding wat insluit die v. van staat en Kerk.

Waarom is dit van soveel belang? ① Omdat daar so baie misverstand bestaan oor die vraag wat presies die H.S. ons leer oor die verhouding van Kerk en staat, burger e staat. In ons Katk. klasse word daar byna nooit enige aandag aan gegee nie, in ons Bybelkennis en Kanseboodskappe word dit byna nooit behandel nie. Hoeveel lidmate br. het al 'n deeglike studie en bespreking gehad oor die 4 sleutelgedeeltes wat oor die onderwerp handel: Matt. 22: 15-22; — Rom. 13: 1-7; 1 Petr. 2: 13-17; Openb. 13 en dat jy nie br. Rom. 13 kan lees sonder om Openb. 13 daarlangs te stel nie?

② Omdat in baie lande v.d. wêreld, veral daar waar Kommunisme of totalitarisme heerskappy voer, dit vir die Kerk en die Xtene van dd. lande 'n saak van lewe en dood geword het, 'n gedurige worsteling om te weet: wat wil God van staat en Kerk, van owerheid en onderdaan?

Dit was ~~ook~~ juis oor hd. weerhouding dat die Ja-rosius Xtus in 'n lokval wou lei in die gebeure van Matt. 22 waar hulle hom 'n vraag gestel het waarvan enige antwd hom in onguns sou bring. Sê Hy: Betaal a.d. Keiser > dan gebrandmerk as volksverraaier; sê Hy: Betaal aan ~~God~~ nie aan d. Keiser > dan gebrandmerk as staatsverraaier. Watter treurige dag as die kerk begin om so 'n rol te speel!

By al die voorligting wat die Bybel ons gee, bly die antwd v. Xtus steeds die deurslaggewende, rigtinggewende:

I „Gee die Keiser wat die Keiser toekom". Saam hiermee hang ook Paulus se uitspraak in Rom 13: „Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat ~~oor~~ hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel". Hier het ons dus 'n paar baie belangrike waarhede:

① God alleen regeer. Alle gesag van mense word deur God aan hulle gegee — hulle word daarmee beklee. Dit geld nie net van d. ouer, maar ook v.d. ~~staat~~ owerheid. ~~Want elke~~ Die owerheid dus word deur God daargestel m.d. roeping om gesag en goeie orde te handhaaf ~~sodat~~ en wel so dat d. grootste mate van geregtigheid en ~~[illegible]~~ heil aan die groots moontlike getal van sy onderdane geskenk kan word. Daarom dra die owerheid die swaard (~~vs~~ Rom 13: 4) om d. kwaad te straf en die reg te laat seëvier.

② Omdat dit so is moet d. onderdaan hd. gesag erken en eerbiedig, hom gewillig daaronder stel en aktief saamwerk om die taak v.d. owerheid te vergemaklik a) Hd. onderwerping a.d. owerheid sluit o.a. in om die wette v.d. land te gehoorsaam sover soos moontlik, om jou volle deel aan belasting

aan die owerheid te laat toekom (Belasting-ontduiking dus oortreding v. 5e gebod).

b) Mr. dit wedersyds dit sluit baie meer in: dit hou in dat ons as Christene ons voor God medeverantwoordelik gestel word vir alles wat ons volk doen en laat – dat ons moet toesien dat ons die staat help om in alle waarheid en trou, geregtigheid en barmhartigheid te beoefen en moet getuig teen alles wat dit verhinder. Ons is medeverantwoordelik vir ons medemense, ons land, ons volk.

~~c) Mr~~

c) Mr. vir die Xten sluit dit nog meer in: dit beteken dat die Xten a.d. keiser skuld die beste wat hy het: nie sy geld of sy diens, mr. die Woord v. God, die Woord v. Verlossing en Genade, die boodskap dat Christus die Verlosser is nie van Sendaars alleen nie, mr. v.d. hele wêreld – dat Hy sy bloed vergiet het vir die hele mens: vir liggaam en siel, vir ouer en kind, vir owerheid en onderdaan, vir staat en vir Kerk.

Dus: die Christen word geroepe om eer, liefde en trou aan d. owerheid te betoon (Vr. 104) omdat ~~Christus~~ God ook die staat liefhet – want God het d. wêreld lief. Daar is dan ook niks wat God liewer verlang as dat d. staat as dienaar van God sy taak so sien en vervul en dat elke burger, en by name die Christen as Christen sy roeping i.d. staat vervul!

II God gee wat God toekom: Mr. nou kom daar 2 vrae na vore wat nie beantwoord is nie: ①

Aan wie is ~~ons~~ die Christen hoogste trou en lojaliteit verskuldig – aan ~~God~~ Kerk of aan staat? ② En as d. staat v.d. Xten iets vra wat bots met sy gewete en sy heiligste Christ. oortuiginge wat dan v. sy onderdanigheid en gehoorsaamheid? (Wat dan, Rom. 13?)

Ook hier is dit Xtus se antwd wat ons die helderheid gee:

① Ons hoogste trou en gehoorsaamheid is nie t.o.v. Kerk of staat, mr. t.o.v. God! Dan plaas Xtus d. Keiserplig eerste en ons Godsplig laaste – dis d. hoogste! ~~[illegible]~~ En daar is net Een wat ons kan leer wat aan God toekom: Christus self!

② As daar dan spanning kan ontstaan deurdat Kerk en staat verskil is dit die plig v.d. Kerk om beskeidelik, liefdevol mr. duidelik en onbevrees sy getuienis te gee i.d. naam van sy Meester – en by name in die openbaar sodat sy lidmate kan hoor en leer, kan meeleef en vra: Is dit die Wd. v God wat hier spreek?

③ Mr. as dit nie help nie, as die owerheid self nog verder gaan om sy gesag as dienaar v God te oorskrei, om 'n gehoorsaamheid van sy onderdane te eis wat alleen aan God toekom wat dan? Dan mag die Xten nie swyg nie, dan moet die Kerk as vergadering van Christene sy stem laat hoor – nie deur dade van sabotasie en geweld, van revolusie en agressie, mr. deur 'n heilige ongehoorsaamheid (verdrukking) – juis om d/deur die staat van ondergang te red!

Mr. as dit reeds so ver gekom het dat d. Keiser hom teen die Wd v God verset is dit reeds bewys en teken van Gods oordeel oor staat en Kerk. Dan bewys dat d. Kerk sy roeping versuim het, deel v.d. heerlike en volle waarheid v God nie laat skyn het – Dan moet d. Kerk sy hoof in skaamte laat hang omdat hy moet erken: Ek is medeskuldig aan die wanorde, die ontsporing v.d. staat (bv. Kerk in Nazi-Duitsland).

# Gebed.

1. <u>Owerheid:</u> S.P. — E.M. & Kabinet-
Parlement & P. Rd

2: <u>Regsprekende Mag:</u> Regters – Landdroste –
Polisie – Jurie – Advokate & Prokureurs

3. <u>Land & Volk:</u> Elke burger & inwoner,
elke volksgroep,

Gee dat <u>geregtighd & trou</u> mekaar mag ontmoet, <u>vrede & voorspoed</u> mag wees.
<u>Dankbhd & offervaardighd</u> mag betoon word

4. <u>Studente & skoliere</u>